



Kleinmond Spesiale Aanslaggebied SAKEPLAN

vir die termyn vanaf 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2030

Hierdie sakeplan is opgestel deur die
Raad van Direkteure van die Kleinmond Spesiale Aanslaggebied
in ooreenstemming met die

Overstrand Munisipaliteit: Verordening tov Spesiale Aanslaggebiede 2016 soos
afgekondig in die *Buitengewone Provinsiale Koerant* 7692 (21 Oktober 2016);
die vereistes van Artikel 22 van die *Wet op Munisipale Eiendomsbelasting van 2004*;
die *Overstrand Munisipaliteit: Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede* (31 Mei 2024) en
die Finansiële Ooreenkoms tussen Overstrand Munisipaliteit en die Kleinmond Spesiale
Aanslaggebied Maatskappy sonder winsbejag soos gesluit op 25 Julie 2021.

Dit het ten doel om die munisipaliteit te help met die vervulling van sy doelwitte en
ontwikkelingspligte soos uiteengesit in die
Finale Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) soos hersien en geamendeer 2024-25 –
31 Mei 2024



Basiese inligting

Naam van spesiale aanslaggebied:

Kleinmond Special Rating Area / Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

Dorp: Kleinmond

Munisipaliteit: Overstrand Munisipaliteit

Kontakpersoon: Dr PJL (Vic) Brink

E-posadres: info@kleinmondsag.co.za

Raad van Direkteure

Dr Philippus Jacobus Lodewicus (Vic) Brink (Voorsitter)

Kol David Alan Peddle (Ondervoorsitter)

Mnr Charles Cecil Swartz

Mnr Steven Raymond Loder

Mnr Marthinus Louw Jonker

Afkortings

AJV: Algemene Jaarvergadering

CFO: Chief Financial Officer (OM Direkteur Finansies)

GOP: Geïntegreerde Ontwikkelingsplan

JOCOM: Joint operational committee, oftewel Gesamentlike Operasionele Komitee

KSAG: Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

SAG: Spesiale Aanslaggebied

MSW: Maatskappy sonder winsbejag

MOI: Memorandum of Incorporation oftewel Akte van Oprigting

OM: Overstrand Munisipaliteit

SAPD: Suid-Afrikaanse Polisie

Belangrike notas

Let daarop dat die sakeplan wat aan OM voorgelê gaan word, in Engels geskryf is. Hierdie vertaling kan dus nie as die amptelike sakeplan beskou word nie. Dit is 'n vertaling ter wille van Afrikaanse lesers. Waar twyfel bestaan oor die betekenis van die teks, moet na die Engelse teks verwys word.

Munisipale verordeninge ("by-laws") en beleidsdokumente verskyn slegs in Engels. Hierdie verordeninge word woordeliks in die Engelse sakeplan aangehaal; in die Afrikaanse teks word vertalings aangebied wat min of meer die betekenis weergee. Dit is bedoel as hulpmiddel en nie as amptelike teks nie. Verwysings in die Afrikaanse teks sal die leser na die Engelse verordening of beleidsdokument toe neem.

Inhoudsopgawe

1. Bestuursopsomming	5
2. Wat is 'n spesiale aanslaggebied?	5
3. Waarom moet Kleinmond 'n SAG wees?	6
3.1 Agtergrond en motivering	6
3.2 Kleinmond spesiale aanslaggebied.....	7
3.3 Grense van die KSAG	7
3.4 Skakel met voorgestelde geografiese area.....	8
4. GOP van die Overstrand Munisipaliteit.....	8
5. Openbare meningsopname.....	8
5.1 Databasis van belasbare eiendom	8
5.2 Metodologie	8
5.3 Analise van die response	9
6. Visie, missie en doelwitte.....	12
6.1 Visie.....	12
6.2 Missie	12
6.3 Doelwitte	12
6.3.1 Bestuur.....	12
6.3.2 Veilige omgewing	12
6.3.3 Skoon en gesonde omgewing	13
7. Implementeringsplan.....	13
7.1 Dienste	13
7.1.1 Monitering	13
7.1.2 Moniterings- en wetstoepassingsdienste.....	14
7.2 Implementering van doelwitte	14
7.3 Plasing van moniteringskameras	16
7.4 Verdere implementeringsfases	17
8. Finansiële impak.....	17
8.1 Bron van befondsing.....	17
8.2 Kriteria om vir belastingvrystelling te kwalifiseer	17
8.3 Vyfjaarbegroting	18
8.4 Ander vereistes	19
8.5 Bestaande ongelykhede.....	20

9. Bestuurstruktuur.....	20
9.1 Raad van direkteure	20
9.2 Algemene jaarvergadering	20
10. Webblad.....	21
Verwysings.....	21
Bylae A: Overstrand Munisipaliteit: Verordening vir 'n Spesiale Aanslaggebied 2016.....	22
Bylae B: Overstrand Munisipaliteit: Beleid tov 'n Spesiale Aanslaggebied 2024	22
Bylae C: Volledige analise van die Openbare Meningspeiling	22
Bylae D: KSAG response op Vraag 14 van die Openbare Meningsopname Junie 2024.....	22

1. Bestuursopsomming

Hierdie sakeplan beskryf die voorneme van die Raad van Direkteure van die Kleinmond Spesiale Aanslaggebied Maatskappy sonder winsbejag om aansoek te doen om die verlenging van die termyn van KSAG vir 'n verdere vyf jaar. Die verordening van die Overstrand Munisipaliteit (*Overstrand Munisipaliteit: Verordening vir 'n Spesiale Aanslaggebied 2016*) maak voorsiening daarvoor dat eiendomseienaars munisipale dienste kan aanvul met bykomende dienste wat hulle beskou as geskik om die spesiale behoeftes van hulle gemeenskap te vervul. Hierdie sakeplan beskryf hierdie dienste asook maniere waarop dit aansluit by die voorsiening van wetstoepassing en 'n gesonde stedelike omgewing volgens die voorneme soos beskryf in die *Finale Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) soos hersien en geamendeer 2024-25 – 31 Mei 2024*. Die grense van KSAG omsluit alle eiendom in Kleinmond tussen die berg en kuslyn, asook tussen Heuningkloof in die ooste en Palmiet en Overhills in die weste.

'n Meningsopname onder eiendomseienaars het aangetoon dat die oorgrote meerderheid van die respondente tevrede is met die aanvullende dienste wat KSAG lewer, en ten gunste is van die verlenging van die termyn.

KSAG beplan om voort te gaan met die doelstellings soos omskryf in die aanvanklike sakeplan soos deur die OM-raad op 17 Maart 2020 goedgekeur en het ten doel om die Overstrand Munisipaliteit steeds by te staan deur:

- verbeterde monitering van openbare areas deur middel van die jongste tegnologie;
- die behoefte aan verbetering in openbare areas te identifiseer, te rapporteer en die saak op te volg om sodoende stedelike verval te voorkom;
- die behoud van 'n skoon en gesonde omgewing deur middel van inspeksie, rapportering en opvolging van enige bedreiging vir die omgewing en enige afwyking van aanvaarbare standaarde vir skoon en aantreklike openbare areas;
- die behoud van 'n veilige omgewing vir al die inwoners en besoekers aan die dorp; en
- die monitering van die oortreding van munisipale regulasies en die rapportering van onaanvaarbare gedrag in openbare areas aan die wetstoepassingsdienste sodat hulle dienoreenkomstig kan optree.

Die verwagting is dat die koste van hierdie dienste jaarliks ongeveer R1,6 miljoen teen 2025/6 geldwaarde sal wees, en dat dit beskikbaar gestel sal word deur die munisipaliteit uit 'n spesiale aanslag wat teen 'n vasgestelde tarief op eiendomswaardasie bereken word, soos voorsien in die vyfjaarbegroting en implementeringsplan wat in hierdie sakeplan beskryf word.

Die KSAG maatskappy sonder winsbejag is op 28 Januarie 2021 gestig en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom geregistreer.

Dit word bestuur deur 'n raad van direkteure soos verkies deur lede van die maatskappy by Algemene Jaarvergaderings.

2. Wat is 'n spesiale aanslaggebied?

“Die model vir 'n Spesiale Aanslaggebied is gebaseer op internasionale beste praktyke. Die doel daarvan is om die degenerasie van dorpe en die gevolglike stedelike verval te voorkom, en om die verbetering, ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling van genoemde dorpe te bevorder.

“Die Overstrand Munisipaliteit sien spesiale aanslaggebiede as 'n potensiële hulpmiddel om hom te help om sy grondwetlike en statutêre pligte na te kom, naamlik om eiendomseienaars in 'n sekere geografiese area toe te laat om hulle gebied te verbeter en op te gradeer deur middel van 'n bykomende aanslag op hul eiendom.”¹

Die Wes-Kaapse Regering het die *Verordening vir 'n Spesiale Aanslaggebied* (sien Bylae A) in 2016 uitgevaardig en die Overstrand Munisipaliteit het die *Overstrand Munisipaliteit: Beleid tov 'n Spesiale Aanslaggebied* (Bylae B) in 2019 aanvaar en in 2024 hersien, en daarmee die deur oopgemaak vir eiendomseienaars om spesiale aanslaggebiede in die Overstrand munisipale gebied te vestig.

Die KSAG se loodskomitee het daarna die betrokke wetgewing geïdentifiseer as 'n volhoubare manier om probleme ten opsigte van 'n veilige omgewing en die voorkoming van stedelike verval as gevolg van die agteruitgang en verwaarloosing van die omgewing te hanteer.

Nadat die meerderheid van Kleinmond se eiendomseienaars in 2019 ten gunste van die verklaring van Kleinmond as spesiale aanslaggebied gestem het en die aansoek in terme van die verordening en beleid op 17 Maart 2020 deur die Overstrand Munisipale Raad goedgekeur is, is KSAG op 28 Januarie 2021 gevestig as 'n maatskappy sonder winsbejag met lede. Hierdie stigting is met een jaar vertraag as gevolg van die Covid 19 inperkingsmaatreëls.

Die maatskappy word bestuur deur eiendomseienaars van Kleinmond en is verantwoordelik vir die voorsiening en bestuur van aanvullende dienste tot dié wat reeds deur OM voorsien word. Ingevolge die verordening betaal Kleinmond se eiendomseienaars maandeliks 'n bedrag wat bykomend tot normale eiendomsbelasting is, sodat die aanvullende dienste gelewer kan word.

Hierdie sakeplan is 'n opdatering van die oorspronklike goedgekeurde sakeplan en verduidelik hoe dit in die tweede vyfjaartermyn geïmplementeer sal word. Die aanvullende dienste wat namens alle eiendomseienaars gelewer sal word, sal steeds die voorsiening van stelsels insluit waardeur kwessies rakende 'n veilige, gesonde en skoon omgewing gemonitor kan word en enige probleme aan die owerhede gerapporteer kan word.

KSAG sal steeds befonds word uit 'n spesiale aanslag deur OM en sal van toepassing wees op die eienaars van ongeveer 3500 eiendomme volgens die OM se databasis. Die bykomende jaarlikse aanslag sal teen 'n tarief (tans 0.000346) in die rand op die munisipale eiendomswaardasie bereken word.

Dit word deur die munisipaliteit van eiendomseienaars in die gebied gevorder en word oorbetaal aan die KSAG maatskappy sonder winsbejag wat verantwoordelik is vir die bestuur van die SAG. Die fondse word gebruik om die uitgawes van KSAG te dek en vir geen ander doel nie. Die addisionele aanslag wat eiendomseienaars in die SAG moet betaal, sal in verhouding wees tot die munisipale waardasie van hul eiendom en gebruik word ten bate van die gemeenskap as geheel. Hierdie bykomende aanslag en dienste wat daarmee gelewer sal kan word, sal nie alleen individuele eiendomseienaars die voordeel van 'n goed bestuurde, veilige dorp bied nie, maar sal hulle ook 'n gevoel van trots op hul gemeenskap en van sosiale verantwoordelikheid gee.

3. Waarom moet Kleinmond 'n SAG wees?

3.1 Agtergrond en motivering

Die Overstrand Munisipaliteit (OM) het 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) (beskikbaar in pdf-formaat as "*Final IDP review and amendment 2024-25 – 31 May 2024*") by <https://www.overstrand.gov.za/integrated-development-plan-idp/final-idp-review-and-amendment-2024-25-31-may-2024-1/?layout=default>. Dit beskryf die bestuur van die munisipale area. Die GOP is daarop gerig om die basiese behoeftes van die verskillende gemeenskappe en gebiede binne die groot geografiese gebied wat die OM bedien, te vervul.

Die skep en instandhouding van 'n veilige en gesonde omgewing is een van die vyf strategiese doelwitte van OM volgens die GOP.²

'n Groot bekommernis in Kleinmond is die risiko's wat die veiligheid van die omgewing bedreig. Die GOP identifiseer hierdie risiko's.³

Inwoners van Kleinmond het eerstehandse ervaring van bogenoemde probleme en besef dat OM se vermoë om volhoubare en kwaliteit-dienste aan al sy inwoners te lewer, gedwarsboom word deur die groot gebied wat dit bedien, die tekort aan hulpbronne en die feit dat die meeste oortredings nie binne kantoorure plaasvind nie.

3.2 Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

Die Kleinmond Spesiale Aanslaggebied (KSAG) is 'n geografiese area wat al die woongebiede van Kleinmond insluit. Dit is die eiendomseienaars van hierdie gebied wat op 'n volhoubare manier deur middel van 'n maandelikse bykomende aanslag op hul eiendomswaardasie bydra tot aanvullende dienste om sodoende 'n veiliger, gesonde en skoon omgewing vir die hele gemeenskap te help verseker. Die bykomende aanslag moet bekostigbaar vir eiendomseienaars gehou word en die impak daarvan op die gemiddelde eiendomseienaar se munisipale rekening moet so laag as moontlik wees.

Meer besonderhede oor die beraamde koste vir eiendomseienaars word in par 8 van hierdie sakeplan uiteengesit. Die aanvullende dienste sluit in 'n moniteringstelsel van CCTV-kameras by bewese brandpunte in die dorp. Die stelsel is gekoppel aan 'n beheerkamer met personeel wat 24/7 aan diens is, sowel as 'n internet-gebaseerde databank wat wanneer nodig in samewerking met OM Beskermingsdienste gebruik kan word. In die lig van die bestaande samewerking tussen OM Wetstoepassing en die SAPD (binne die beperkinge van hulle mandate), sal al die rolspelers toegang hê tot hierdie inligting, met inagneming van streng vereistes vir vertroulikheid en binne die perke van die betrokke wetgewing. Dit moet in ooreenstemming wees met die bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting. (Sien die implementeringsplan in par 7.)

3.3 Grense van die KSAG

Die grense van KSAG is die oostelike grens van Heuningkloof, die kuslyn (suidelike grens), die westelike grens van Palmiet en die informele woongebied en die berg (noordelike grens).



Kleinmond Spesiale Aanslaggebied / Special Rating Area

3.4 Skakel met geografiese area

'n Veilige omgewing en aantreklike dorp is belangrik vir elke inwoner van Kleinmond. Ongelukkig bly die minagting van munisipale regulasies, rommelstorting, middelmisbruik, alkoholmisbruik in openbare areas en ander oortredings wat 'n negatiewe inpak het op 'n veilige omgewing, 'n uitdaging wat, as dit nie behoorlik teengewerk word nie, tot almal se nadeel sal toeneem.

Kleinmond het twee padingange, een aan elke kant van die dorp. Die dorp word in die noorde begrens deur die berg en in die suide deur die see. Dit is daarom logies om die dorp as 'n eenheid te beskou wanneer 'n veilige, aantreklike en gesonde omgewing ter sprake is. Inwoners se lewens is vervleg; almal deel dieselfde openbare areas. Enige inisiatief tot voordeel van die gemeenskap moet almal wat hier woon, insluit.

4. GOP van die Overstrand Munisipaliteit

KSAG se dienste sluit aan by die Finale Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) (soos hersien en geamendeer, 2024-25 op 31 Mei 2024). Om seker te maak dat KSAG se dienste met die voorskrifte van die GOP ooreenstem, is hierdie sakeplan opgestel in konsultasie met amptenare van OM. Alles moontlik is gedoen om te verseker dat die sakeplan ooreenstem met OM se GOP.

Elke stadium van die plan is en sal voorgelê word aan die kantoor van die Direkteur: Finansies vir kommentaar, voorstelle en goedkeuring, immer in samewerking met alle relevante munisipale departemente.

5. Openbare meningsopname

5.1 Databasis van belasbare eiendom

In ooreenstemming met par 10.1.6 van die *OM Beleid tov 'n Spesiale Aanslaggebied* het OM die KSAG-Raad van die kontakbesonderhede van alle eiendomseienaars in Kleinmond voorsien.

Die databasis word jaarliks opgedateer. Die KSAG-Raad het 'n ooreenkoms van vertroulikheid onderteken. Kontakbesonderhede van eiendomseienaars is en sal slegs gebruik word om met belastingbetalers te kommunikeer oor sake wat KSAG raak. Dit sal nie aan 'n derde party beskikbaar gestel word nie.

5.2 Metodologie

Die KSAG-Raad het 'n openbare meningsopname opgestel wat ten doel het om onder meer vas te stel hoe veilig respondente bedags en snags in openbare ruimtes voel, die persepsies rakende die werksaamhede van KSAG te toets, vas te stel waarop respondente van mening is KSAG behoort te fokus, vas te stel of eiendomseienaars van mening is dat hulle waarde vir hulle geld kry en vas te stel of respondente ten gunste is van die verlenging van die termyn van KSAG vir 'n verdere vyf jaar.

Die internet-gebaseerde platform *SurveyMonkey* is gebruik om die response in te samel en te verwerk.

Die skakel na die opname is gestuur aan alle eiendomseienaars wie se e-posadresse bekend aan die KSAG-Raad is, saam met 'n versoek om die opname te voltooi. Hierdie versoek is drie

keer herhaal. Dit is ook verskeie kere op sosiale media geplaas. *SurveyMonkey* het elke respondent se IP-adres aangeteken en dit is saam met die response beskikbaar vir verifikasiedoeleindes. Respondente is ook gevra om hul name, adresse en ernommers te verskaf en, waar van toepassing, die adres en naam van die trust waaronder die eiendom geregistreer is. Dit is gedoen vir verifikasiedoeleindes en word ter wille van die anonimiteit van respondente nie in die verslag wat openbaar gemaak word, ingesluit nie. Die platform was oop vir respondente vanaf 28 Mei tot 26 Junie 2024 waarna die resultate verwerk is.

5.3 Analise van die response

SurveyMonkey het alle response geanaliseer; die volledige analise is beskikbaar in Bylaes C en D.

- **Deelname**
571 respondente het aan die meningsopname deelgeneem. Dit is meer as 16% van die getal individuele eiendomseienaars en in terme van algemene aanvaarde norme vir die geldigheid van meningsopnames van hierdie aard ver meer as wat as voldoende beskou word.
- **Status van respondente**
87.22% van die respondente is eiendomseienaars en 'n verdere 9.11% is gevolmagtigde verteenwoordigers van eiendomseienaars.
- **Kategorieë van eiendom**
97.36% is die eienaars van residensiële eiendomme, 1.05% van sakeondernemings en 1,58% van oop erwe.
- **Gebruik van eiendom**
71.25% teken dit aan as hulle primêre woning, 23.67% as 'n vakansiehuis 4.24% as 'n huurhuis en 0.88% as 'n sake-onderneming.
- **Kennis oor KSAG**
70.6% van respondente sê hulle verstaan die funksies en verantwoordelikhede van KSAG, 21.83% sê hulle weet min daarvan, 4,93% sê hulle weet net dat hulle daarvoor betaal en 2,64% sê hulle het geen idee waarom dit gaan nie.
- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle bedags alleen in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
2.28 % het 1 of 2 gekies,
8.06% het 3 gekies en
89.67% het 4 of 5 gekies.
- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle saans alleen in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
18.21 % het 1 of 2 gekies,
25.57% het 3 gekies en
56.22% het 4 of 5 gekies

- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle laatnag alleen in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
36.42% het 1 of 2 gekies,
29.07% het 3 gekies en
34.5% het 4 of 5 gekies
- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle bedags in 'n groep in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
1.4% het 1 of 2 gekies,
5.08% het 3 gekies en
93.52% het 4 of 5 gekies
- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle saans in 'n groep in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
6.13% het 1 of 2 gekies,
17.69% het 3 gekies en
76.19% het 4 of 5 gekies
- **Hoe veilig voel respondente wanneer hulle laatnag in 'n groep in openbare ruimtes is?**
Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (baie onveilig) tot 5 (totaal veilig) hierop te reageer:
19.26% het 1 of 2 gekies,
23.12% het 3 gekies en
57.62% het 4 of 5 gekies
- **Die rol van KSAG in misdaadvoorkoming**
79.12% van respondente is van mening dat KSAG 'n belangrike rol speel in misdaadvoorkoming in openbare areas,
12.11% meen die rol is beperk,
1.93% is van mening dat dit nie regtig enige verskil maak nie en
6.84% is onseker hieroor.
- **Die belang van samewerking in misdaadvoorkoming**
94.22% van respondente stem saam met KSAG se standpunt dat samewerking tussen die verskillende rolspelers in misdaadvoorkoming belangrik is,
3.68% is van mening dat dit 'n beperkte impak het,
0.35 sien nie die nodigheid van samewerking nie en
1.75% is onseker hieroor.
- **Waar die fokus moet wees**
55.09% van respondente vra dat meer pale met kameras op strategiese plekke opgerig moet word terwyl
34.74% van mening is dat die huidige getal pale met kameras behou moet word en eerder belê moet word in verbeterde monitering en reaksie en
10.18% is onseker.

- **Oor die rapportering van misdaad**

95.04% van respondente sê dat wanneer hulle die slagoffer is van misdaad of die oortreding van verordeninge, hulle dit aan die polisie of OM wetstoepassing rapporteer.
Slegs 4.96% doen dit nie, en gee verskeie redes daarvoor wat in die volledige verslag (Bylae D) aangeteken is.

- **Oor die rapportering van kwessies rakende die omgewing**

80.63% van respondente is van mening dat KSAG 'n belangrike rol speel in die monitering en rapportering van kwessies rakende 'n skoon en gesonde omgewing en die opvolging daarvan in maandelikse vergaderings met die raadslid en munisipale amptenare,
10.21% meen die rol is beperk terwyl
2.82% van mening is dat dit nie regtig enige verskil maak nie en
6.34% onseker is.

- **Persepsies oor die hoe KSAG veiligheid in openbare areas bevorder**

Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (mees onbevredigend) tot 5 (hoogs bevredigend) hierop te reageer:
3.86% het 1 of 2 gekies,
14.01% het 3 gekies en
82.14% het 4 of 5 gekies

- **Persepsies oor die hoe KSAG 'n skoon en gesonde omgewing bevorder**

Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (mees onbevredigend) tot 5 (hoogs bevredigend) hierop te reageer:
7.18% het 1 of 2 gekies,
17.34% het 3 gekies en
75.48% het 4 of 5 gekies

- **Persepsies oor KSAG se maandelikse verslae deur middel van e-pos en die media**

Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (mees onbevredigend) tot 5 (hoogs bevredigend) hierop te reageer:
4.03% het 1 of 2 gekies,
5.95% het 3 gekies en
90.02% het 4 of 5 gekies

- **Menings oor die KSAG Raad van Direkteure**

Die respondente is gevra om hulle vertroue in die beheer- en bestuursvermoëns van die KSAG Raad van Direkteure op 'n skaal van 1 (geen vertroue nie) tot 5 (groot vertroue) aan te dui.
3.17% het 1 of 2 gekies,
9.68% het 3 gekies en
87.15% het 4 of 5 gekies.

- **Waarde vir geld**

Die respondente is gevra om hulle mening oor die waarde vir geld wat die dienste van KSAG bied, gemeet aan hulle maandelikse bydrae, op 'n skaal van 1 (glad nie goeie waarde nie) tot 5 (uitstekende waarde) aan te dui.
4.57% het 1 of 2 gekies,
14.24% het 3 gekies en
81.2% het 4 of 5 gekies.

- **Moet KSAG se termyn verleng word?**

Die respondente is gevra om op 'n skaal van 1 (sterk gekant daarteen) tot 5 (sterk te gunste daarvan) aan te dui of hulle die verlenging van die KSAG-termyn vir 'n verdere termyn van vyf jaar ondersteun.

3.34% het 1 of 2 gekies,

5.61% het 3 gekies en

91.05% het 4 of 5 gekies.

6. Visie, missie en doelwitte

6.1 Visie

Die visie van KSAG is om te verseker dat Kleinmond 'n veilige, aantreklike en gesonde dorp vir inwoners en besoekers bly, sodat Kleinmond steeds die ideale aftree-, woon-, werk- en vakansieplek vir sy inwoners en besoekers kan wees.

6.2 Missie

Die missie van KSAG is om aanvullende dienste (soos bepaal deur eiendomseienaars) tot bestaande munisipale dienste te lewer. KSAG wil op 'n volhoubare manier verseker dat Kleinmond 'n veilige, gesonde en aantreklike omgewing vir inwoners en besoekers bly. Die dienste wat die KSAG lewer, sal die dienste wat OM reeds voorsien en lewer, aanvul.

6.3 Doelwitte

6.3.1 Bestuur

- Om KSAG effektief en volhoubaar te bestuur.

Ten einde hierdie doelwit te bereik, is 'n maatskappy sonder winsbejag gestig, soos uiteengesit in artikel 1 van die Maatskappywet nr 71 van 2008.

6.3.2 Veilige omgewing

- Om 'n veilige omgewing vir alle inwoners te bevorder en te verbeter binne die raamwerk van die toepaslike OM-wetgewing saam met OM Beskermingsdienste en met gemeenskapsbetrokkenheid.
- Om 'n CCTV-kamerastelsel in plek te stel wat aan 'n beheerkamer gekoppel is.
- Om te voldoen aan OM se strategieë en ander toepaslike wetgewing/beleide/ verordeninge met betrekking tot onder andere die regulering van eksterne en interne CCTV-kameras in privaatbesit op OM eiendom, insluitend oop ruimtes, padkruisings, padreserwes, ens.
- Om te voldoen aan OM se CCTV-beleid.
- Om die dienste van 'n behoorlik toegeruste plaaslike beheerkamer vir 24/7 monitoring te bekom.
- Om 'n diensverskaffer aan te stel wat geakkrediteer is volgens die *Private Security and Investigative Services Act* (PSISA) en geregistreer is by die Private Sekuriteitsbedryf Reguleringsowerheid (PSIRA).

- Om moniterings- en rapporteringsdienste te verskaf as aanvullende ondersteuning vir OM se Gemeenskapsveiligheidsdepartement. Die diensverskaffer moet in staat wees om in openbare plekke op te tree en probleme binne sy wettige mandaat aan te hanteer totdat die verantwoordelike OM Wetstoepassingsbeamptes of die SAPD by die toneel aankom.
- Om toegang te gee tot data wat deur die moniteringstelsel versamel is sodat enige kriminele dade of dade in stryd met munisipale verordeninge deur OM Wetstoepassing of die SAPD ondersoek kan word en die nodige bewyse vir suksesvolle vervolging gevind kan word.
- Om 'n effektiewe kommunikasiestelsel te vestig met gereelde wenke en voorstelle rakende 'n veilige omgewing.
- Om kommunikasie met eiendomseienaars te fasiliteer.
- Om 'n databasis met relevante inligting oor inwoners te skep en in stand te hou wat beskikbaar sal wees in noodsituasies. Hierdie inligting sal vertroulik wees en sal nie met enige derde party gedeel word nie.
- Om insette te verskaf oor die skep, toets, implementering en opdatering van 'n noodplan vir Kleinmond as aanvulling tot OM se Rampbestuursplan.
- Om gemeenskapsbetrokkenheid te koördineer, indien nodig, tydens die uitvoering van die noodplan.
- Om voort te bou op bestaande werksverhoudings met die Gemeenskapsveiligheidsforum en ander organisasies betrokke by die instandhouding van 'n veilige omgewing deur die toepaslike OM-departemente.

6.3.3 Skoon en gesonde omgewing

- Om OM te ondersteun deur probleemareas te monitor om sodoende onwettige rommelstorting en -strooiing, die blokkering van stormwaterkanale, gebiede en woongebiede wat 'n brandgevaar inhou, alkoholmisbruik in openbare areas, sake rakende probleemdiere, indringerplantegroei, die noodsaak van brandpaaie en die verval of vandalisering van voetpaadjies en plankepaadjies te kan rapporteer.

7. Implementeringsplan

7.1 Dienste

Diensverskaffers sal uitgekонтakteer word om die volgende te doen:

7.1.1 Monitering

- Die beskikbaarstelling van 'n hoëtegnologiemoniteringstelsel binne die grense van Kleinmond.
- Die instandhouding van die moniteringstelsel.
- Die voorsien van fasiliteite en 24/7-monitering in 'n goed bestuurde beheerkamer binne OM-grense.
- Die voorsien van 'n internetdiens vir die stelsel.
- Die voorsien van sagteware vir die stelsel.
- Die voorsien van internetverbinding aan die nommerplaatherkenningsdatabasis volgens die vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

7.1.2 Moniterings- en wetstoepassingsdienste

Die voorsiening van personeel om kameras te monitor en op noodgevalle te reageer. Personeel moet die nodige kwalifikasies hê sowel as 'n gedeelde of toegewyde voertuig om in Kleinmond te gebruik.

Die diensverskaffer sal deur die KSAG-raad aangestel word volgens die tendervereistes van die KSAG.

7.2 Implementering van doelwitte

Take	Verantwoordelikheid	Prestasie-aanwyser
Bestuur en beheer		
Leierskap vir die Raad	Raadsvoorsitter	Suksesvolle implementering van gestelde doelwitte.
Dag-tot-dag bestuur en operasionele bedrywighede	KSAG Raad	Maandelikse verslae deur Raadslede aan die Raad voorgelê.
Toesig oor diensverskaffers	KSAG Raad	Gereelde vergaderings met diensverskaffers. Diensverskaffers se nakoming van standaard operasionele prosedures.
Aanstelling en beheer van personeel (monitering en reaksie)	Diensverskaffer	Maandelikse verslae deur diensverskaffer aan die Raad voorgelê.
Raadsvergaderings	KSAG Voorsitter	Maandelikse vergaderings.
Kommunikasie en KSAG-lidmaatskapopdatering	KSAG Administrateur	Maandelikse verslae deur administrateur aan die Raad voorgelê.
Verslae aan eiendomseienaars	KSAG Administrateur	Maandelikse verslag gepubliseer in media en per e-pos aan eienaars gestuur.
Finansiële boekhouding	Diensverskaffer	Maandelikse finansiële verslae aan die Raad voorgelê.
Oudit van finansiële boekhouding	Diensverskaffer, KSAG Raad	Ongekwalifiseerde ouditverslag goedgekeur deur die Raad en bekragtig deur lede by die AJV.
Finansiële verslae aan OM CFO	Diensverskaffer	Maandelikse verslae aan die CFO voorgelê.
Algemene Jaarvergadering	KSAG Raad	Kennis van vergadering behoorlik gegee, voorsitter se jaarverslag gelewer, ouditverslag goedgekeur, ouditeure aangestel, begroting goedgekeur, wysiging van MOI indien nodig en notules geneem en op die KSAG-webwerf gepubliseer.

Veilige omgewing		
Versterk strukture om gemeenskapsbetrokkenheid by gemeenskapsveiligheidskwessies te bevorder	KSAG Raad	Aktiewe betrokkenheid in OM verteenwoordigende strukture soos die OM Openbare Veiligheidsforum en die JOCOM-vergaderings.
Identifiseer huidige tekortkominge wat verband hou met 'n veilige omgewing en ontwikkel en implementeer effektiewe strategieë om dit aan te hanteer.	KSAG Operasionele Direkteure in konsultasie met die Raad.	Aktiewe deelname aan OM strukture en die JOCOM-vergaderings waar hierdie kwessies bespreek word. Skakeling met ander vennote in die veiligheid van die dorp soos die plaaslike polisie, sekuriteitsmaatskappye, Kleinmond Straatweg, Proteadorp Straatweg, Kleinmond Belastingbetalersvereniging.
Insette in die hersiening en handhawing van die Gemeenskapsveiligheidsstrategie spesifiek gemik op die behoeftes in Kleinmond met duidelike riglyne vir die moniteringsdienste deur die aangestelde diensverskaffer en riglyne vir die vlakke waarvolgens dienste evalueer kan word.	KSAG Operasionele Direkteure in konsultasie met die KSAG Raad.	Aktiewe deelname aan OM strukture. Voorlegging van 'n gemeenskapsveiligheidsstrategie vir Kleinmond
Instandhouding en verbetering van die kamera-moniteringstelsel	Diensverskaffer	Pale met kameras opgerig en operasioneel by strategiese punte in Kleinmond. Gereelde instandhouding van infrastruktuur en vervanging van foutiewe toerusting. Gereelde instandhoudingsverslae aan die KSAG Raad.
Elektroniese verbindings na die beheerkamer vir monitering van kameras	Diensverskaffer	Elektroniese verbindings gevestig, operasioneel en gekoppel aan beheerkamer.
Kragtoevoer na kameras in oorleg met OM Direktoraat: Infrastruktuur en Beplanning	Diensverskaffer, OM elektrisiteitsdienste	Kragtoevoer en rugsteunbatterystelsels gevestig vir elke kamera.
Opdatering van rekenaarhardeware en sagteware in beheerkamer	Diensverskaffer	Doeltreffende toerusting en sekuriteit in beheerkamer. Opgradering na nuwe sagteware met outomatiese intelligensie om data op te neem en te stoor.
Verdere verfyning van beheerkamerfunksies en reaksiestrategieë	Diensverskaffer, KSAG Operasionele Direkteure	Diensverskaffer se nakoming van standaard operasionele prosedures. Beste moontlike strategie is ontwikkel om die waarde van die stelsel te maksimeer.
Ontplooiing van hulpbronne (moniterings- en reaksiepersoneel en voertuie) vir sigbare moniterings- en wetstoepassingsdienste in oorleg met OM Direktoraat: Beskermingsdienste en die SAPD	Diensverskaffer	Diensverskaffer se nakoming van standaard operasionele prosedures. Maandelikse verslae aan KSAG Raad.
Bystand aan OM Beskermingsdienste en die SAPD	Diensverskaffer	Verskaffing van toegang tot relevante data binne die gestelde standaard operasionele prosedures en ander wetlike bepalings en voorwaardes.

Vestig 'n effektiewe kommunikasie-strategie met die gemeenskap oor 'n veilige omgewing en operasies tydens rampe of noodsituasies. Alle kommunikasie in hierdie verband sal in ooreenstemming wees met OM se amptelike Kommunikasiebeleid	KSAG Administrateur	Stelsel vir kommunikasie met die gemeenskap via e-pos, sosiale media, SMS, WhatsApp en plaaslike koerant.
Handhaaf die gemeenskapsbetrokkenheidstrategie in die OM rampbestuursplan	KSAG Raad, KSAG Administrateur	Gemeenskapsbetrokkenheidstrategie in die rampbestuursplan goedgekeur deur die OM Raad, getoets en aan die gemeenskap gekommunikeer.
Gesonde en skoon omgewing		
Identifiseer kwessies rakende 'n skoon en gesonde omgewing en rapporteer aan OM	KSAG Direkteur vir Gesonde en Skoon Omgewing	Kwessies gedokumenteer en aan OM raadslede en relevante OM amptenare in Kleinmond op 'n ordelike wyse gerapporteer. Maandelikse vergadering met plaaslike raadslede en OM amptenare om kwessies te bespreek en oplossings te vind.
Moniteer onwettige storting, rommelstrooiing, brande en brandstigting en rapporteer aan OM	KSAG Direkteur vir Gesonde en Skoon Omgewing	Videomateriaal van oortreders deur die moniteringstelsel opgeneem en beskikbaar gestel aan OM vir hul insae.
Moniteer onwettige alkoholmisbruik en rapporteer aan OM Wetstoepassing	KSAG Direkteur vir Gesonde en Skoon Omgewing	Videomateriaal van oortreders deur die moniteringstelsel opgeneem en beskikbaar gestel aan OM vir hul insae.
Bevordering van afvalvermindering en herwinning deur opvoeding en bewusmaking	KSAG Direkteur vir Gesonde en Skoon Omgewing, KSAG Administrateur	Gereelde artikels oor hierdie onderwerp gepubliseer om publieke bewustheid te verbeter.

7.3 Plasing van moniteringskameras

KSAG werk saam met OM Beskermingsdienste, die plaaslike polisie, die Straatwagte en sekuriteitsmaatskappye om misdaad in openbare gebiede te bekamp.

KSAG het tot op hede 17 pale met 41 kameras op strategiese plekke in al die woonbuurtes opgerig nadat toestemming van OM volgens hulle CCTV-beleid verkry is. Dit word in 'n toegewyde beheerkamer deur die diensverskaffer ASK Security gemonitor.

Die stelsel stoor beeldmateriaal van insidente wat in die omgewing van 'n kamera plaasvind. Dit kan nagespeur word wanneer dit in 'n ondersoek benodig word. Die kameras is so opgestel dat dit van sonder saans tot en met dagbreek soggens outomaties aktiveer wanneer daar enige beweging deur mense of voertuie in die veld van die kameras is. Die beweging word nagegaan en indien dit verdag voorkom, word die patrollievoertuig dadelik uitgestuur om ondersoek in te stel. As dit dan lei tot die identifisering van 'n misdaad, word die polisie of munisipale wetstoepassers ingeroep om die saak verder te hanteer. As die materiaal die polisie of OM wetstoepassing in hulle ondersoek kan help, en daar word 'n saak geopen, kan hulle die materiaal aanvra.

7.4 Verdere implementeringsfases

Die KSAG-raad voorsien dat drie addisionele pale met sewe kameras in 'n volgende fase op strategiese punte in die dorp geïnstalleer sal word sou dit binne die begroting haalbaar wees.

8. Finansiële impak

KSAG ('n maatskappy sonder winsbejag) word deur OM befonds deur middel van 'n spesiale aanslag betaalbaar deur eiendomseienaars wat nie van belasting vrygestel is nie. OM het die eiendomme wat vir die aanslag kwalifiseer, geïdentifiseer as bron van die bykomende aanslag. Hierdie lys sal gereeld gewysig word volgens veranderinge in byvoorbeeld eienaarskap.

8.1 Bron van befondsing

KSAG word befonds deur OM deur middel van 'n spesiale aanslag wat OM in die Kleinmond-Spesiale Aanslaggebied verhaal van alle eienaars van belasbare eiendom in die OM eiendomsdatabasis.

Die bykomende jaarlikse aanslag sal teen 'n tarief (tans 0.000346) in die rand op die munisipale eiendoms-waardasie bereken word. Die tabel hier onder (voorsien deur OM), gee 'n aanduiding van die bedrae wat eiendomseienaars sal moet betaal sodat die voorgestelde KSAG se begroting kan klop.

KSAG Tarief vir 2025/26 (4% verhoging op 2024/25 tarief)

0.000346

	Residensieel	Besigheid	Oop erf
Munisipale waardasie	Geraamde maandelikse spesiale aanslag	Geraamde maandelikse spesiale aanslag	Geraamde maandelikse spesiale aanslag
Minder as R50 000	R0	R0 – R1.50	R0 – R1.50
R50 001 – R100 000	R0	R1.50 – R3.00	R1.50 – R3.00
R100 001 – R300 000	R0	R3.00 – R9.00	R3.00 – R9.00
R300 001 – R600 000	R0 – R13.20	R9.00 – R18.00	R9.00 – R18.00
R600 001 – R1 000 000	R13.20 – R22.80	R18.00 – R30.00	R18.00 – R30.00
R1 000 001 – R1 500 000	R22.80 – R34.80	R30.00 – R45.00	R30.00 – R45.00
R1 500 001 – R3 000 000	R34.80 – R70.80	R45.00 – R90.00	R45.00 – R90.00
R3 000 001 – R6 000 000	R70.80 – R142.80	R90.00 – R180.00	R90.00 – R180.00

8.2 Kriteria om vir belastingvrystelling te kwalifiseer

KSAG sal die beleid van OM vir 'n spesiale aanslaggebied volg:

“7.1 OM se beleid tov munisipale belasting is hier geldig, in ag genome die nodige verandering aan die beleid. Sonder om die algemene strekking van die voorafgaande te beperk, beteken dit dat vrystellings, kortings en verlagingsoos uiteengesit in die belastingbeleid ook hier geld, met die nodige veranderings mbt die hef van 'n addisionele aanslag vir die doel van 'n spesiale aanslaggebied.

“7.2 Nieteenstaande die bepalingsof par 7.1 sal die betrokke eienaar 'n volle terugbetaling (100%) ontvang mbt die spesiale aanslag indien die munisipaliteit 'n gedeeltelike terugbetaling goedkeur soos uiteengesit in die belastingbeleid.

“7.3 Ander beleide goedgekeur deur die Raad is steeds geldig met die nodige veranderings aan die totale addisionele belasting in terme van die betrokke beleid, regulasie en Artikel 22 van

die Eiendomsregwet, insluitend maar nie beperk tot OM se kredietbeheer- en skuldinvorderings-beleid nie.”⁴

Eiendomseienaars wat vir algehele of gedeeltelike belastingvrystelling kwalifiseer, sal dus nie die spesiale aanslag hoof te betaal nie.

8.3 Vyfjaarbegroting

Volgens OM se SAG-beleid moet die begroting vir beoogde verbeterings of opgraderings die volgende sake in ag neem:

- “n Jaarlikse begroting volgens afsonderlike poste wat op 1 Julie van die eerste jaar begin en op 20 Junie van die laaste jaar van die termyn eindig.
- Aparte toewysings vir die voorsien van verbeterings of opgraderings van die verskillende kategorieë van eiendom.
- Die Eiendomsbelastingwet vereis dat enige addisionele belasting betreffende eiendom nie meer as 25% van die munisipale eiendomsbelasting mag wees nie. Enige afwyking hiervan moet volledig aan die Raad gemotiveer word vir sy oorweging.”⁵

Alhoewel bogenoemde die amptelike beleid is, is die KSAG-raad vasbeslote dat die spesiale aanslag nie meer as 10% van die munisipale eiendomsbelasting sal oorskry nie.

Konsep operasionele begrotings vir die tydperke 1 Julie tot 30 Junie

	2025/26	2026/27	2027/28	2028/29	2029/30
	R	R	R	R	R
Inkomste	1 687 689	1 754 476	1 823 935	1 896 173	1 971 300
Spesiale aanslag	1 669 689	1 736 476	1 805 935	1 878 173	1 953 300
Rente ontvang	18,000	18,000	18,000	18,000	18,000

Administratiewe uitgawes	211 307	223 039	235 574	248 000	259 360
Ouditeursfooie	8 063	8 667	9 317	10 016	10 767
Rekenmeestersfooie	23,680	25,101	26,607	28,204	29,896
Administrasie uitgawes	25 440	26 966	28 584	30 299	32 117
Advertensies en bemarking	6,563	6,891	7,235	7,597	7,977
Jaarlikse opgawe-gelde	450	450	450	450	450
Bankkoste	2,200	2,266	2,334	2,404	2,476
Rekenaaruitgawes / sagteware	1,100	1,200	1,300	1,400	1,400
Verversings by vergaderings	1,200	1,250	1,250	1,250	1,250
E-pos platform uitgawes	15,000	15,500	16,000	16,500	16,500
Algemene uitgawes	10,000	10,000	10,000	10,000	10,000
Versekering	54,166	57,416	60,861	64,513	68,383
Internet	5,500	5,600	5,700	5,800	5,800
Drukwerk, skryfbehoeftes en posgeld	6,500	6,500	6,500	6,500	6,500
CCTV – vervanging van toerusting	15,000	16,500	18,000	19,000	19,000
Radio data en bedienaar-gelde	29 283	31 479	33 840	36 378	39 107
Sekretariële gelde	663	702	744	789	836
Reis koste – vergaderings	5,000	5,000	5,250	5,250	5,250
Webwerf instandhouding	1,500	1,550	1,600	1,650	1,650

Beheerkamer-uitgawes	1,310,952	1,389,610	1,472,986	1,561,365	1,655,047
Video: Analisering en monitoring	548,020	580,901	615,755	652,701	691,863
CCTV-instandhouding	59,233	62,787	66,554	70,547	74,780
Reaksiefooi – gedeel	513,040	543,822	576,452	611,039	647,701
NAVIC moniteringsfooi	7,929	8,405	8,909	9,443	10,010
Netwerkbandwydtefooi	62,731	66,495	70,484	74,713	79,196
Bykomende moniteringsuitgawes	120,000	127,200	134,832	142,922	151,497

	2025/26	2026/27	2027/28	2028/29	2029/30
	R	R	R	R	R
Bydrae tot reserve-fondse	160 000	130 000	110 000	60 000	10 000
Instandhouding en vervangings reserve	150 000	120 000	100 000	50 000	0
Operasionele kapitaalreserve	10,000	10,000	10,000	10,000	10,000

Operasionele begrotingsplus	5 429	11 828	5 376	26 808	46 893
------------------------------------	--------------	---------------	--------------	---------------	---------------

Verwagte Surplus-fondse vir die tydperke 1 Julie tot 30 Junie

	2025/26	2026/27	2027/28	2028/29	2029/30
	R	R	R	R	R
Balans van surplusfondse	221 001	202 431	211 258	216 634	243 442
Begrotingsplus vir die jaar	5 429	11 828	5 376	26 808	46 893
Verwagte addisionele surplus vir die jaar	0	0	0	0	0
Geraamde surplusfondse teen die einde van jaar	226 431	214 258	216 634	243 442	290 335

Projekte – Kapitale uitgawes (ex surplusfondse)

	24,000	3,000	0	0	0
KSW – Terugbetaling van lening	24,000	3,000	0	0	0

202 431	211 258	216 634	243 442	290 335
----------------	----------------	----------------	----------------	----------------

** Die maandelikse betalings is die terugbetaling van die lening wat KSW aan KSAG toegestaan as saadkapitaal vir die aanvangskoste van KSAG.

8.4 Ander vereistes

“Voordat OM enige addisionele ingevorderde gelde aan 'n maatskappy sonder winsbejag (in hierdie geval KSAG) oorbetal, moet OM en die maatskappy 'n geskrewe finansiële ooreenkoms onderteken wat onder andere die volgende reguleer:

- meganismes en wyse van betaling;
- hoe die fondse deur die maatskappy hanteer sal word;
- parameters ten opsigte van uitgawes; en
- enige verpligting op die maatskappy om toepaslike versekering uit te neem en by te hou.”⁶

Hierdie ooreenkoms is op 20 Julie 2021 gesluit.

8.5 Bestaande ongelykhede

Soos in elke dorp in die land is daar ongelykhede in Kleinmond. Een daarvan is ongelyke finansiële vermoëns. Dit is belangrik dat ongelykhede nie vererger moet word deur 'n SAG te vestig nie, soos vereis deur par 6.2 van die beleid. KSAG-befondsing word gebaseer op die munisipale waardasie van eiendom. Dit beteken dat elke belasbare eiendomseienaar 'n bykomstige aanslag van dieselfde hoeveelheid sent per rand, gebaseer op die waardasie van sy eiendom, sal betaal.

Standaard munisipale kortings en vrystellings soos wat dit tans toegepas word, sal ook geld vir die spesiale aanslag.

9 Bestuurstruktuur

Die KSAG maatskappy sonder winsbejag is op 28 Januarie 2021 gestig en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom geregistreer.

9.1 Raad van direkteure

Die maatskappy het tans 5 (vyf) direkteure, elkeen met 'n spesifieke portefeulje soos aangedui hieronder.

Die Raad van Direkteure word deur die lede van die KSAG MSW by algemene jaarvergaderings verkies en bestaan uit die volgende portefeuljes:

- Voorsitter (hanteer tans administrasie en kommunikasie)
- Ondervoorsitter (hanteer tans operasionele sake en netwerke: verteenwoordig KSAG by JOCOM, Overstrand Joint Public Safety Forum en die wykskomitee van OM Wyk 9)
- Tweede lid vir operasionele sake (verantwoordelik vir operasionele funksies, infrastruktuur, skakeling met die diensverskaffer en netwerke met gemeenskapsleiers)
- Lid vir finansies (verantwoordelik vir die KSAG-begroting, toesig oor die finansiële bestuur en skakeling met OM se Direkteur: Finansies)
- Lid vir 'n skoon en gesonde omgewing (hanteer kwessies wat aan OM gerapporteer word rakende die omgewing)

Die KSAG Finansiële administrateur dien in adviserende hoedanigheid in die Raad.

Die Raad van Direkteure vergader maandeliks behalwe in Desember.

“Die uitvoerende burgemeester sal raadslede as direkteur(e) en alternatiewe direkteur(e) van die KSAG-raad aanstel volgens die voorskrifte van artikels 11(4) en 11(5) van die verordening. Hierdie raadslede sal nie die magte en pligte van direkteure hê soos uiteengesit in die Maatskappye-wet en die bestuursliggaam se akte van oprigting nie.”⁷

9.2 Algemene jaarvergadering

'n AJV word gehou binne twee maande na die einde van elke finansiële jaar.

Die vergadering is verantwoordelik vir:

- die aanstel van direkteure;
- beoordeling van die voorsitter se jaarverslag;
- goedkeuring van die geouditeerde finansiële state;

- goedkeuring van die volgende jaar se begroting en implementeringsplan;
- aanstelling van 'n ouditeur;
- wysiging van die maatskappy se akte van oprigting indien nodig en slegs met die geskrewe toestemming van OM se Direkteur: Finansies en
- goedkeuring vir die KSAG-Raad om aansoek te doen om die verlenging van die KSAG-termyn elke vyf jaar.

10. Webblad

KSAG het 'n webblad met die volgende inhoud:

- Die KSAG-sakeplan;
- Die verslag van die jongste openbare meningspeiling;
- Agendas, verslae, aanbiedings en notules van die Algemene Jaarvergadering
- Overstrand Munisipaliteit se verordening vir 'n spesiale aanslaggebied;
- Overstrand Munisipaliteit se beleid vir die skep van 'n spesiale aanslaggebied;
- Die KSAG akte van oprigting (MOI);
- Inligting oor lidmaatskap van die KSAG MSW en
- Kennisgewings

Die adres van die webblad is www.kleinmondsag.co.za

Verwysings

1. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede. Par 5.1 and 5.3, p 4, 5.
2. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Finale Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) soos hersien en geamendeer 2024-25 – 31 Mei 2024. P 75.
3. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Finale Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) soos hersien en geamendeer 2024-25 – 31 Mei 2024. P 18.
4. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede. Par 7, p 6.
5. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede. Par 11.3.1, p 11.
6. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede. Par 16.3, p 13.
7. Overstrand Munisipaliteit. 2024. Beleid tov Spesiale Aanslaggebiede. Par 9.2.5, p 7.

Bylae A

Overstrand Munisipaliteit: Verordening vir 'n Spesiale Aanslaggebied 2016
Overstrand Municipality: Special Rating Area By-law 2016

Engelse teks beskikbaar in pdf-formaat by www.kleinmondsag.co.za

Bylae B

Overstrand Munisipaliteit: Beleid tov 'n Spesiale Aanslaggebied 2024
Overstrand Municipality: Special Rating Area Policy 2024

Engelse teks beskikbaar in pdf-formaat by www.kleinmondsag.co.za

Bylae C

Volledige analise van die Openbare Meningspeiling.

Beskikbaar in pdf-formaat by www.kleinmondsag.co.za

Bylae D

KSAG response op Vraag 14 van die Openbare Meningsopname Junie 2024

Beskikbaar in pdf-formaat by www.kleinmondsag.co.za